DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**31 MAART 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Willem van der Merwe** |
| **Skriflesing** | Psalm 77 |
| **Tema** | God maak ons noodkrete stil deur ons gedagtes op Homself en sy magtige dade te rig. |

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Psalm 18: 1, 2, 13
Psalm 25: 2
Psalm 77: 1, 2, 4, 5, 6 (melodie van Ps 86)
Psalm 86: 1, 3, 6

Ons is geneig om ons teen die swaarkry van die lewe blind te staar. Soms oorheers dit ons gedagtes en emosies, want ons oortuig onsself dat God ons verstoot en nooit weer genade gaan betoon nie. God maak egter ons noodkrete stil deur ons gedagtes op Homself en sy magtige dade te rig. In Christus het ons die versekering dat God ons nooit verstoot nie. Dit is eerder ons eie sonde, ons twyfel en ongeloof wat ons van die Hom af wegstoot. Bekommernis maak ons net moedeloos, kortsigtig en depressief.



# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **31 Maart** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| **02 April** | | Skole Open | |

## KATKISASIE



Daar is geen katkisasie vandag nie weens die skoolvakansie. Ons begin weer Dv 7 April met die Katkisasie.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 31 MRT 2019

| | |
|---|---|
| **Diensbeurt:** Wyk D2 | **Katkisasie:** Geen |
| **Ouderling:** Andries Linde | **Diaken:** Reinhardt Weideman |

## OOG VIR MEKAAR

Ons bid vir die volgende lidmate:

- Cecelia Greyling gaan beter na haar breinoperasie.
- Daleen Korff is tans by die huis, die prostese is verwyder - sy sal oor 4 weke weer n knie vervanging kry.
- Santjie Bester wat weer behandeling kry.
- Hester vd Merwe is tuis en die wond lyk meer gesond.
- Lida Borman wat chemo ontvang het.
- Hennie Oelofse wat chemo ontvang het.
- Tannie Annatjie Korff het Pankreaskanker en is aan die bed gekluister. Ons bid vir haar en oom Buks in hierdie swaar tyd
- Ons bid vir almal wat donker en moeilike tye beleef. Mag God julle deur Sy Heilige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.

# DOPPERMARK GK PTB-NOORD

Doppermark by Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord.Dv Saterdag 4 Mei 2019. Kom geniet dit saam ons vanaf 08H00 tot 14H00. Sien julle almal daar!




# DOPPERPADKAFEE - 12 APRIL 2019

Kom geniet heerlike hamburgers en skyfies, doughnuts en melkskommels by ons padkafee Vrydag 12 April. Bestellings moet asb. vooraf geplaas word. Lyste sal op die kennisgewingbord aangebring word.

Ons benodig bestandele en/of donasies - Melk, Roomys, tamaties, uie en Blaarslaai. Ons tieners se hulp word ook benodig om tydens die geleentheid as kelners op te tree. As jy bereidwillig is skryf asb. jou naam op die kennisgewingbord.



Pryse:

Hamburger en Skyfies - R40.00

Skyfies - R15.00

Melkskommels - R15.00

Doughnuts - R7.00



# TEESKINKBEURTE



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **31 Maart** | Estelle Snyman | C2 | **07 April** | Christine du Plessis | C3 |
| | Hester van der Merwe | C2 | | Colette du Plessis | C3 |
| | Marietjie Venter | C2 | | Zelda Erasmus | C3 |
| | Colette Albertyn | C3 | | Karen Kruger | C3 |
| | Christa Carlisle | C3 | | Alfrieda Lessing | C3 |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# SILWERDOPPERS KOEKSISTER PROJEK



Dankie vir almal se Ondersteuning met die koeksister projek !

# SILWERDOPPERS

Die Silwerkrone (d.i. Die Senior Lidmate van Gereformeerde Kerk Pbg-Noord) het op 6 April 'n Potjiekos ete by hulle kerk. Ons word hartlik uitgenooi om saam te gaan kuier. Ons is ook baie welkom om ons eie potjies te maak. Die wat net wil saam eet kan net n donasie gee. Ons begin vanaf 08:00 te kuier en ons eet 12:30. Hoop ons sien julle ALMAL daar !

# BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

# OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Pietersburg.[10]



Foto : Ds. Lion-Cachet

Na die bevestiging van prop. Lion-Cachet op 15 Januarie 1956 is daar groei in die gemeente en het dit finansieel goed gegaan met die gemeente. Die bouplanne vir die bou van 'n nuwe kerk het al meer en meer 'n werklikheid geword en die boufonds het tot 'n kragtige belegging gegroei. In 1959 word die tenders dan ook aangevra vir die bou van 'n nuwe kerk op die h/v Jorrisen- en Voortrekkerstrate.

In Oktober 1956 het die gemeente 600 belydende lidmate en meer as 400 kinders gehad. In die kerkraadsvergaderings van die tyd was daar selfs sprake van afstigting en die vorming van twee gemeentes. Dit het egter eers tien jaar later gebeur met die afstigting van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord op 26 November 1966. Gedurende ds. Lion-Cachet se ampsbediening vorder die gemeentegroei vinnig. 'n Evangelisasiekommissie en Sendingkommissie word in die lewe geroep om binne die gemeente werksaam te wees. Die kerkraad herroep ook 'n vorige besluit van bykans tien jaar gelede dat sendingpredikante nie in die gemeente mag preek nie. Sendingpredikante kon nou in die gemeente preek en daar is in alle erns met sendingwerk begin. Die kerkraad gee ook in Augustus 1957 toestemming en steun aan br. J.J. Venter om met sendingwerk op sy plaas Marsfontein te begin.

Die sendingwerk het later uitgeloop tot die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk Seshego.

In 1963 neem ds. Lion-Cachet 'n beroep aan na Eendracht naby Springs en daarna word hy die predikant van Heidelberg. Van 1967 tot en met sy aftrede in 1996 was hy verbonde aan die Teologiese Skool van die PU vir CHO. Hy is op 14 Junie 2018 oorlede.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. - 31 Mrt. | Annemarie van Biljon | B | 072 937 9648 |
| Ma. - 01 Apr. | Hannes Roux | B | 083 288 2525 |
| Di. - 02 Apr. | Johan Peyper | B | 082 464 1631 |
| | Lize Roux | B | 072 215 6095 |
| Wo. - 03 Apr. | Heinrich du Preez | B | 062 873 6197 |
| Do. - 04 Apr. | Johmar Wolmarans | D | 083 339 5398 |
| Sa. - 06 Apr. | Nelie Badenhorst | B | 074 663 5377 |
| | Rioni Combrink | B | 082 804 7041 |
| | Zoë Erasmus | - | 062 315 9751 |
| | Riette Grobler | B | 083 407 2292 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 02 Apr. 1976 | Marius & Harriet Kruger | 43 | 083 785 6975<br>076 394 1396 |
| 03 Apr. 1982 | Andre & Annemarie Bakker | 37 | 083 457 1711<br>082 484 6267 |
| 04 Apr. 1992 | Magda & Marius Thiart | 27 | 082 974 9800<br>082 853 4434 |
| 04 Apr. 2015 | Niekie & Candace vd Walt | 4 | 082 382 3471<br>082 974 3059 |
| 05 Apr. 2003 | Nelmerie & MJ Venter | 16 | 082 752 1637<br>082 444 0336 |
| 06 Apr. 1996 | Jolanda & Marius Jacobs | 23 | 084 909 7777<br>082 239 1465 |
| 06 Apr. 1974 | Martie & Gerhard Maritz | 45 | 083 461 6974<br>083 461 6974 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Sal die Here vir altyd verstoot en nooit weer genade betoon nie ?'*

*Psalm 77 : 8*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS